



It starts with a story...

Goals for a new year

The beginning of a new year is always a good time to think about what you want to experience and achieve over the next twelve months. Have you thought about helping your children set reading goals for themselves for 2017?

Motivation plays a big part in children's reading lives. It is the thing that makes them want to learn to read in the first place and then keeps them reading, thereby making reading for enjoyment a habit! So, when you think about helping your children to decide on their reading goals, they have to be *their* goals. They have to be things they want to experience and achieve for themselves – not things they think will please you.

Here are some suggestions of some of things your children may want to try in 2017 – but they may have plenty of their own ideas too.

- ✿ Reading more regularly or at a regular time each day.
- ✿ Reading for a certain length of time every day.
- ✿ Reading books by an author that is new to them.
- ✿ Reading as many of the books by their favourite author as they can.
- ✿ Reading information on topics that are new to them.
- ✿ Reading the biography of a person who interests them.
- ✿ Visiting the library regularly – or joining one!
- ✿ Starting a reading club with some friends, where they swap books and get together at each other's homes to chat about books they've enjoyed reading.
- ✿ Writing a story of their own. (If they need help getting going, you can find the opening lines to stories in the "Story seeds" section of the "Story and rhyme library" on the Nalibali website – www.nalibali.org. Your children can use these as the start to their stories and complete the stories any way they choose!)
- ✿ Reading the books on which movies they have enjoyed watching, were based. Or deciding that they will always read the book first before watching the movie!



The trick with setting goals is to make sure that they are not completely unachievable. This means not setting too many goals and making sure that they are within your reach. About four or five reading goals for the year is enough!

Your children could use the reading goals poster on page 2 of this supplement to record their goals, or they could write them down in their own way. (You can also download additional copies of the poster from "Story supplies" on www.nalibali.org.) Whichever they choose, make sure they have fun doing it – and, of course, that they enjoy reading in 2017!

Doelwitte vir 'n nuwe jaar

Die begin van 'n nuwe jaar is altyd 'n goeie tyd om te dink oor dit wat jy in die volgende twaalf maande wil ervaar en bereik. Het jy al daaraan gedink om kinders te help om vir hulself leesdoelwitte vir 2017 te stel?

Motivering speel 'n groot rol in kinders se lewens as lesers. Dit maak dat hulle in die eerste plek wil lees, en laat hulle dan aanhou lees, en sodoende maak dit lees vir genot 'n gewoonte! Wanneer jy dus jou kinders help om op hul leesdoelwitte te besluit, moet dit *hulle* doelwitte wees. Dit moet die dinge wees wat hulle self wil ervaar en bereik – nie die dinge wat hulle dink jy van sal hou nie.

Hier is 'n paar idees vir dinge wat jou kinders dalk in 2017 sal wil probeer – maar hulle mag ook baie van hulle eie idees hê.

- ✿ Lees meer gereeld, of op 'n spesifieke tyd elke dag.
- ✿ Lees elke dag vir 'n sekere tydperk.
- ✿ Lees boeke deur 'n skrywer wat vir hulle nuut is.
- ✿ Lees soveel boeke van hul gunstelingskrywer as wat hulle kan.
- ✿ Lees inligting oor onderwerpe wat vir hulle nuut is.
- ✿ Lees die biografie van 'n persoon in wie hulle belangstel.
- ✿ Gaan gereeld biblioteek toe – of sluit vir die eerste keer by 'n biblioteek aan!
- ✿ Begin 'n leesklub met 'n paar vriende waar hulle boeke uitruil en by mekaar se huise bymekaarkom om te gesels oor boeke wat hulle geniet het.
- ✿ Skryf hul eie storie. (As hulle hulp nodig het om aan die gang te kom, kan jy beginreëls vir stories vind in die "Story seeds"-afdeling van die "Story and rhyme library" op die Nalibali-webwerf – www.nalibali.org. Jou kinders kan dit gebruik om hul stories te begin en dan die stories klaarmaak soos hulle verkies!)
- ✿ Lees die boeke waaroor fliks gemaak is wat hulle geniet het. Of besluit dat hulle altyd eers die boek sal lees voordat hulle die flik kyk!

Wanneer 'n mens doelwitte stel, lê die knoop daarin om seker te maak dat hulle nie heeltemal onbereikbaar is nie. Dit beteken dat jy nie te veel doelwitte moet stel nie, en moet seker maak dat die doelwitte binne jou bereik is. Sowat vier of vyf leesdoelwitte vir die jaar is genoeg!

Jou kinders kan die plakkaat oor leesdoelwitte op bladsy 2 van hierdie bylae gebruik om hulle doelwitte neer te skryf, of hulle kan dit op hulle eie manier neerskryf. (Jy kan ook bykomende eksemplare van die plakkaat by "Story supplies" op www.nalibali.org aflaai.) Wat hulle ook al kies, maak seker hulle geniet dit – en natuurlik, dat hulle dit in 2017 geniet om te lees!



Drive your
imagination

Story Power.
Anywhere. Anytime. Anyone.
Oral. Altyd. Almal.

Nalibali
It starts with a story...



Goal 1
Doelwit 1



Goal 2
Doelwit 2



Goal 3
Doelwit 3



Goal 4
Doelwit 4



Goal 5
Doelwit 5



Instructions

1. Write down one goal in each box.
2. If you want to, decorate or draw pictures in each box, but do not colour in the goal number yet.
3. Once you have reached a goal, then colour in the goal number.
4. Keep your 2017 reading goals in a safe place or display them!



Instruksies

1. Skryf een doelwit in elke kassie.
2. As jy wil, kan jy ook prente in elke kassie teken of dit versier, maar moet nog nie die doelwit se nommer inkleur nie.
3. Wanneer jy 'n doelwit bereik het, kan jy daardie doelwit se nommer inkleur.
4. Hou jou leesdoelwitte vir 2017 op 'n veilige plek of stal dit uit!



Drive your
imagination

Reading club corner

There are lots of special days in February. Here are some of them, as well as some ideas of how you can celebrate them at your reading club on or near the actual dates.

7 February Send-a-Card-to-a-Friend Day

Invite the children to make and exchange greeting cards that tell someone why they are special to them.

13 February World Radio Day

Remember to tune in to hear Nal'ibali's radio show this week. For information about which radio stations the show is on and at what times, see the schedule at the bottom of this page!

14 February Valentine's Day and International Book Giving Day

Encourage the children to bring their favourite storybook to the reading club so that they can share it with other members. You can also suggest that they draw large hearts and write "Dear Stories, I love you!" in them.

16 February World Read Aloud Day


Join us for another World Read Aloud Day celebration. Look out for our special World Read Aloud Day edition of the Nal'ibali Supplement, which will be available in the week of 12 February. It will have a special World Read Aloud Day cut-out-and-keep book featuring the Nal'ibali characters, Bella and Gogo! For information on how to get involved in Nal'ibali's World Read Aloud Day activities, go to www.nalibali.org.

21 February International Mother Language Day

Sing songs, say rhymes and tell and read stories using only the children's home languages! Make this day a celebration of the richness of our language heritage.

26 February Tell-a-Fairy-Tale Day

Ask the children to work in groups to act out their favourite fairy tale, without telling anyone what the name of it is. Afterwards invite the other groups to guess the name of the fairy tale!



Leesklubhoekie

Daar is baie spesiale dae in Februarie. Hier is 'n paar van hulle, en idees oor hoe julle die dae op of naby die werklike datums by julle leesklub kan vier.

7 Februarie Stuur-vir-'n-Vriend-'n-Kaartjie-Dag

Nooi die kinders om groetekaartjies te maak en uit te ruil wat vir iemand sê waarom hulle spesiaal is.

13 Februarie Wêreldradiodag

Onthou om hierdie week na Nal'ibali se radioprogram te luister. Vir inligting oor die radiostasies en die tye waarop die program uitgesaai word, raadpleeg die rooster onderaan hierdie bladsy!

14 Februarie Valentynsdag en Internasionale Dag vir die Gee van Boeke

Moedig die kinders aan om hulle gunstelingstorieboek na die leesklub te bring sodat hulle dit met die ander klublede kan deel. Jy kan ook voorstel dat hulle groot harte teken en "Liewe Stories, ek is lief vir julle!" daarin skryf.

16 Februarie Wêrelddag vir Hardop Lees

Sluit by ons aan vir nog 'n viering van Wêrelddag vir Hardop Lees. Kyk uit vir ons spesiale uitgawe van die Nal'ibali-bylae vir Wêrelddag vir Hardop Lees, wat in die week van 12 Februarie beskikbaar sal wees. Dit sal 'n spesiale knip-uit-en-bêreboekie met die Nal'ibali-karakters, Bella en Gogo, bevat! Vir inligting oor hoe om betrokke te raak by Nal'ibali se aktiwiteite vir Wêrelddag vir Hardop Lees, gaan na www.nalibali.org.

21 Februarie Internasionale Moedertaaldag

Sing liedjies, sê rympies op en vertel stories deur slegs die kinders se huistale te gebruik! Maak hierdie dag 'n viering van ons ryk taalerfenis.

26 Februarie Vertel-'n-Sprokie-Dag

Vra die kinders om in groepe te werk om hul gunstelingsprokie op te voer, sonder om vir enigiemand te vertel wat die naam daarvan is. Nooi na die tyd die ander groepe uit om die naam van die sprokie te raai!



NAL'IBALI ON RADIO!

Tune into the following radio stations to enjoy listening to stories on Nal'ibali's radio show!

Ikwekwezi FM on Monday, Wednesday and Friday at 9.45 a.m.

Lesedi FM on Monday, Tuesday and Thursday at 9.45 a.m.

Ligwalagwala FM on Monday to Wednesday at 9.10 a.m.

Munghana Lonene FM on Monday, Wednesday and Friday at 9.35 a.m.

Phalaphala FM on Monday to Wednesday at 11.15 a.m.

RSG on Monday to Wednesday at 9.10 a.m.

SAfm on Monday, Wednesday and Friday at 1.50 p.m.

Thobela FM on Tuesday and Thursday at 2.50 p.m., on Saturday at 9.20 a.m. and on Sunday at 7.50 a.m.

Ukhozi FM on Wednesday at 9.20 a.m. and on Saturday at 8.50 a.m.

Umhlobo Wenene FM on Monday to Wednesday at 9.30 a.m.

X-K FM on Monday, Wednesday and Friday at 9.00 a.m.



NAL'IBALI OP DIE RADIO!

Skakel op enige van die volgende radiostasies in en geniet dit om na stories op Nal'ibali se radioprogram te luister!

Ikwekwezi FM op Maandag, Woensdag en Vrydag om 9.45 vm.

Lesedi FM op Maandag, Dinsdag en Donderdag om 9.45 vm.

Ligwalagwala FM van Maandag tot Woensdag om 9.10 vm.

Munghana Lonene FM op Maandag, Woensdag en Vrydag om 9.35 vm.

Phalaphala FM van Maandag tot Woensdag om 11.15 vm.

RSG van Maandag tot Woensdag om 9.10 vm.

SAfm op Maandag, Woensdag en Vrydag om 1.50 nm.

Thobela FM op Dinsdag en Donderdag om 2.50 nm., op Saterdag om 9.20 vm. en op Sondag om 7.50 vm.

Ukhozi FM op Woensdag om 9.20 vm. en op Saterdag om 8.50 vm.

Umhlobo Wenene FM van Maandag tot Woensdag om 9.30 vm.

X-K FM op Maandag, Woensdag en Vrydag om 9.00 vm.

Get story active!

Here are some ideas for using the two cut-out-and-keep books, *Mu's wolf problem*, (pages 5, 6, 11 and 12) and *There must be a rainbow* (pages 7, 8, 9 and 10) as well as the Story Corner story, *Everyone's special* (page 14). Choose the ideas that best suit your children's ages and interests.



Mu's wolf problem

A young girl called Mu is at home by herself and feels afraid when she hears noises. There's a wolf in her house! But, unexpectedly they become friends and enjoy the afternoon together.

This story offers you the opportunity to talk to your children about the things that make them feel afraid and how they can deal with feeling scared. Before you have this discussion, enjoy exploring the words and the illustrations in the storybook. Here are some examples of how to do this as you read together.



After you have read pages 2 and 3, ask:

- ☉ "I wonder where Mu's mom works and what kind of work she does?"
- ☉ "I wonder why it says that Mu is not alone?"
- ☉ "Look at Mu's face. How do you think she feels?"



On page 4, ask:

- ☉ "What do you think Mu is doing? Why?"
- ☉ (Point to the wolf's legs.) "What are these? Who do you think they belong to?"



On page 5, ask:

- ☉ "Why do you think Mu is closing her eyes?"
- ☉ "What do you do when you feel scared?"



Raak doenig met stories!

Hier is 'n paar idees om die twee knip-uit-en-bêreboekies, *Mieke se wolfprobleem*, (bladsye 5, 6, 11 en 12) en *Daar moet 'n reënboog wees* (bladsye 7, 8, 9 en 10), asook die Storiehoekie-storie, *Almal is spesiaal* (bladsy 15) te gebruik. Kies die idees wat die beste by jou kinders se ouderdomme en belangstellings pas.

Mieke se wolfprobleem

'n Jong meisie met die naam Mieke is alleen by die huis en voel bang wanneer sy geluide hoor. Daar is 'n wolf in haar huis! Maar Mieke en die wolf raak onverwags vriende en geniet die middag saam.

Hierdie storie bied jou die geleentheid om met jou kinders te gesels oor die dinge wat hulle bang laat voel en hoe hulle dit kan hanteer. Voordat jy hierdie bespreking inlei, geniet dit eers om die woorde en illustrasies in die storieboek te lees en bekyk. Hier is 'n paar idees van hoe om dit te doen terwyl julle saam lees.



Nadat julle bladsye 2 en 3 gelees het, vra:

- ☉ "Ek wonder waar Mieke se mamma werk en watter soort werk sy doen?"
- ☉ "Ek wonder waarom daar staan dat Mieke nie alleen is nie?"
- ☉ "Kyk na Mieke se gesig. Hoe dink julle voel sy?"



Op bladsy 4, vra:

- ☉ "Wat dink julle doen Mieke? Hoekom?"
- ☉ (Wys na die wolf se bene.) "Wat is dit? Aan wie dink julle behoort dit?"



Op bladsy 5, vra:

- ☉ "Waarom dink julle maak Mieke haar oë toe?"
- ☉ "Wat doen julle wanneer julle bang voel?"

There must be a rainbow

In this story of hope, Jabulile's dream of helping people comes true after a terrible storm hits the village in which she lives.



Suggest that your children write the weather forecast that may have been on the radio the evening before the storm came to the area where Jabulile lived. Record your children reading these weather reports on your cellphone and then listen to them just like you would listen to the weather report on the radio!



Have fun making the sounds of a storm using your bodies as well as things around you. For example, beat your hands on the floor or bottom of a cooking pot to make the sound of thunder rumbling, knock two cooking pot lids together to create the crush of thunder, and tap your finger tips on a table to make the sound of rain.



Let your children use different coloured paint or paper to create their own rainbows.



Daar moet 'n reënboog wees

In hierdie storie van hoop word Jabulile se droom om mense te help waar nadat 'n verskriklike storm die dorpie waarin sy woon, tref.



Stel voor dat jou kinders 'n weervoorspelling skryf wat die vorige aand op die radio kon gewees het voordat die storm die gebied getref het waar Jabulile woon. Neem jou kinders met jou selfoon op wanneer hulle hierdie weervoorspellings lees en luister dan daarna net soos wat julle na die weerberig op die radio sou luister.



Geniet dit om die geluide van die storm met julle liggame en die dinge om julle te maak. Byvoorbeeld, klap jou hande op die vloer of op die boom van 'n kastrol om die geluid van die rammelende donderweer te maak, klap twee potdeksels teen mekaar om die donderslag te maak, en tik met julle vingerpunte op 'n tafel om die geluid van reën te maak.



Laat jou kinders verskillende kleure verf of papier gebruik om hul eie reënboë te maak.

Everyone's special

One day when Mandla is out walking he comes across an elephant, a giraffe and a waterbuck, and he discovers that they can all do special things that he can't. This makes him feel sad ... until his mother explains that we are all special in different ways.



Spend some time discussing with your children what makes them special. (Don't forget to ask them why they think they're special!) Then suggest that they draw pictures of themselves and complete the sentence, "I am special because ..." under their picture.



What other wild animals can your children name? Use information books and the Internet to find out about the things that make each of these animals special.



Almal is spesiaal

Op 'n dag, toe Mandla buite rondloop, kom hy 'n olifant, 'n kameelperd en 'n waterbok teë, en hy ontdek dat hulle almal spesiale goed kan doen wat hy nie kan doen nie. Dit laat hom hartseer voel ... tot sy mamma vir hom verduidelik dat ons almal op verskillende maniere spesiaal is.



Sit tyd opsy om met jou kinders te gesels oor dit wat hulle spesiaal maak. (Moenie vergeet om hulle te vra waarom hulle dink hulle spesiaal is nie!) Stel dan voor dat hulle prente van hulself teken en die volgende sin onder hulle prent voltooi: "Ek is spesiaal, want ..."



Watter ander wilde diere kan jou kinders opnoem? Gebruik feiteboeke en die internet om uit te vind wat elk van hierdie diere spesiaal maak.

Create TWO cut-out-and-keep books

1. Take out pages 5 to 12 of this supplement.
2. The sheet with pages 5, 6, 11 and 12 on it makes up one book. The sheet with pages 7, 8, 9 and 10 on it makes up the other book.
3. Use each of the sheets to make a book. Follow the instructions below to make each book.
 - a) Fold the sheet in half along the black dotted line.
 - b) Fold it in half again along the green dotted line.
 - c) Cut along the red dotted lines.



Maak TWEE knip-uit-en-bêreboekies

1. Haal bladsye 5 tot 12 van hierdie bylae uit.
2. Die vel met bladsye 5, 6, 11 en 12 daarop, maak een boek. Die vel met bladsye 7, 8, 9 en 10 daarop, maak die ander boek.
3. Gebruik elk van die velle om 'n boek te maak. Volg die instruksies hieronder om elke boek te maak.
 - a) Vou die vel in die helfte op die swart stippellyn.
 - b) Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn.
 - c) Knip uit op die rooi stippellyne.



Drive your
imagination

Mu!
Mieke!



WOLF!
WOLF!

“Ek’s nie bang nie!!!” skree Mieke, en laat die
wolf goed skrik.
Bewend van vrees loer hulle vir mekaar. Toe, baie skamerig,
stel hulle hulself voor.



“I’m not scared!!!” screamed Mu, giving the wolf
quite a fright.
Trembling with fear, they peered at each other. Then, very
shyly, they introduced themselves.

children's books that matter



Join the Bumble Book Club today for exclusive offers,
news, reviews, interviews, competitions, events and
much more – it's FREE!

www.facebook.com/bumblebooks / www.printmatters.co.za



Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment
campaign to spark children's potential through
storytelling and reading. For more information,
visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi




Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog
wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur
middel van lees en die vertel van stories. Vir
meer inligting, besoek www.nalibali.org of
www.nalibali.mobi



Drive your
imagination





The wolf didn't want to eat her after all. He was just lonely and wanted a friend.
Die wolf wil haar toe glad nie opeet nie. Hy is net eensaam en op soek na 'n maat.



Once there was a girl called Mu. One day Mu's mom went to work and left her at home all alone.
But, truth be told, Mu was not alone.



But Mu knew the wolf would come back if she felt lonely and scared tomorrow.
Maar Mieke weet die wolf sal terugkom as sy môre eensam en bang voel.

Great gusts of wind blew the roofs off the huts. All the animals lost their homes. It was a very sad day. The village folk cried, "What shall we do now?" "All the crops are ruined!" cried the farmers. "Our homes are gone!" said the elders. All hope seemed lost. But Jabulile remembered something her wise father had once told her. Sterk rukwinde waai die hutte se dakke af. Al die diere verloor hulle huise. Dit is 'n baie hartseer dag. Die mense van die dorpie huil: "Wat gaan ons nou doen?" "Al die oeste is vernietig!" sê die boere. "Ons huise is weg!" sê die ou mense. Dit lyk of alles verlore is. Maar Jabulile onthou iets wat haar wyse pappa haar op 'n keer vertel het.



We believe every child should own a hundred books by the age of five.

Become a book-sponsor and help change the world.

Get involved at
bookdash.org



Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi




Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi



Drive your
imagination

There must be a rainbow

Daar moet 'n
reënboog wees



Sinomonde Ngwane
Nerissa Govender
Thulisizwe Mamba



Jabulile begin met die mense van die dorpie praat. “Die storm kan ons net seermaak,” sê sy, “as ons dit toelaat. As julle opkyk, sal julle sien dat die son weer skyn. Dit is ’n nuwe dag. Na elke storm moet daar ’n reënboog wees!”

Just then a glorious rainbow appeared in the sky. Jabulile started speaking to the villagers. “The storm only hurts us,” she said, “because of the way we choose to see it. If you look up, the sun is shining again. It is a new day. After every storm, there must be a rainbow!”

Nestled in the Kingdom of the Zulu is a magnificent place called The Valley.





In die hartjie van die Koninkryk van die Zulu’s is daar ’n manjifieke plek wat Die Vallei genoem word.

The villagers rebuilt their homes. Farmers planted new crops. The grass grew greener than ever before.

Once again there was hope and happiness in The Valley.

Die mense herbou hulle huise. Die boere plant nuwe oeste. Die gras groei groener as ooit tevore.


Daar is weer hoop en vreugde in Die Vallei.



A little girl called Jabulile lives here. Jabulile was always a happy child. She was also curious, and full of questions about life. Everything fascinated her.



'n Klein dogtertjie met die naam Jabulile woon hier. Jabulile was nog altyd 'n gelukkig kind. Sy is nuuskierig en vol vrae oor die lewe. Alles fassineer haar.



Jabulile's father was a mielie farmer. Her mother was a teacher. They taught her to dream big dreams. Jabulile's biggest dream was to help people.


Everyone in the village was Jabulile's friend, especially the elders. They taught her about the wise men and women who once lived in The Valley. Jabulile also wanted to be wise.

Jabulile se pappa is 'n mielieboer. Haar mamma is 'n onderwyseres. Hulle leer haar om groot drome te droom. Jabulile se grootste droom is om mense te help.



Almal in die dorpie is vriende met Jabulile, veral die ou mense. Hulle leer haar van die wyse manne en vroue wat lank gelede in Die Vallei gewoon het. Jabulile wil ook wys wees.

The villagers saw the rainbow and they began to smile. It stood as a promise that the storm was over.

Die dorpenaars sien die reënboog en begin glimlag. Dit is 'n belofte dat die storm verby is.



En toe drink Mieke en die wolf tee en eet koekies ...
and cakes ...
And so Mu and the wolf busied themselves with tea



Daar was eenkeer 'n meisie met die naam Mieke. Eendag het Mieke se mamma werk toe gegaan en haar heeltemal alleen by die huis gelos.

Maar eintlik was Mieke nie regtig alleen nie.



... it was time for Mu's mom to come home. Then the wolf had to say goodbye.

... dit tyd is vir Mieke se mamma om huis toe te kom. Toe moet die wolf groet.




Mieke kruip baie dapper in die gang af, haar oë styf toe ...
 en ewe skielik, loop sy vas in die ...
 and, quite suddenly, she bumped into the ...
 Mu crept bravely down the passage, her eyes closed tightly ...



She could hear tapping and scratching, and a *l o o o n g* heavy sigh.
 She could hear pattering footsteps and rustling fur and the clanging
 of very large TEETH.

Sy kon iets hoor klop en krap, en sy kon 'n *l a a n g* swaar sug hoor.
 Sy kon voetstappe hoor en pels wat ritsel en baie groot TANDE wat
 op mekaar klap.



... en speel wegkruipertjie, totdat ...



Dear Nal'ibali

Please help. I have a 9-year-old girl who is doing Grade R. She doesn't like writing and I don't know what to do.

Theresa Solomons, Centurion

Dear Theresa

When children experience the power of stories in books, and they have something that they want to communicate, they develop an interest in writing. Encourage your daughter by reading to her regularly for at least 15 minutes a day. Leave writing materials within her reach at home so that she can write down a list of things she may want you to buy for her, or so that she can write a note to you when she wants to tell you something. Remember to also be a writing role model for her – she needs to see you writing to realise that it is valuable!

Remember that we're here to help!

The Nal'ibali Team

Beste Nal'ibali

Help asseblief. Ek het 'n negejarige dogter wat in Graad R is. Sy hou nie van skryf nie, en ek weet nie wat om te doen nie.

Theresa Solomons, Centurion

Beste Theresa

Wanneer kinders die krag van stories in boeke ervaar, en hulle het iets wat hulle wil kommunikeer, sal hulle begin belangstel in skryf. Moedig jou dogter aan deur gereeld minstens 15 minute per dag vir haar te lees. Los skryfbehoeftes binne haar bereik by die huis sodat sy 'n lys kan maak van die dinge wat sy graag wil hê jy moet vir haar koop, of sodat sy vir jou 'n briefie kan skryf wanneer sy vir jou iets wil vertel. Onthou ook om 'n skryfrolmodel vir haar te wees – sy moet jou sien skryf om te besef dat dit belangrik is!

Onthou dat ons hier is om te help!

Die Nal'ibali-span



Dear Nal'ibali

I am fourteen. I love the Nal'ibali Supplement and I read the stories to my two younger brothers every night.

Thetha Xamhlashe, Khayelitsha

Dear Thetha

We are so glad that you like the supplement. You are giving your brothers a wonderful gift and it will help them learn to love reading.

Well done and keep reading!

The Nal'ibali Team

Beste Nal'ibali

Ek is 14 jaar oud. Ek hou van die Nal'ibali-bylae en ek lees elke aand die stories vir my twee jonger broers.

Thetha Xamhlashe, Khayelitsha

Beste Thetha

Ons is so bly dat jy van die bylae hou. Jy gee vir jou broers 'n wonderlike geskenk en dit sal hulle leer om lief te wees vir lees.

Knap gedaan, en hou aan lees!

Die Nal'ibali-span



Dear Nal'ibali ... Beste Nal'ibali ...

Write to Nal'ibali at
The Nal'ibali Trust, Suite 17-201,
Building 17, Waverley Business Park,
Wycroft Road, Mowbray, 7700,
or at info@nalibali.org.

Skryf aan Nal'ibali by
The Nal'ibali Trust, Suite 17-201,
Gebou 17, Waverley-besigheidspark,
Wycroft-weg, Mowbray, 7700,
of by info@nalibali.org.

Dear Nal'ibali

My daughter is 3 years old, and ever since I started reading your supplement, I've been reading to her at bedtime every day. She also has story time in the morning and afternoon at the educare centre she goes to. But I find that when we share books together at bedtime, we're both a bit irritable because we're tired after our busy days! I know that reading to children at bedtime is what most people suggest. What can I do to make this time more relaxed for both of us?

Zinhle Mbuli, Benoni

Dear Zinhle

You're absolutely right that whenever you read together the most important thing is that these times are relaxing and enjoyable for you both! Try a few different times in your day to see what suits you best. Remember that you can share stories whenever it feels right for you, no matter what time it is. Sometimes playing a little game, or singing a song your daughter loves will also help to get her in the right mood. A good selection of books is useful too, so she can choose what you should read. Be guided by the way you both feel. Even five minutes a day is good, as long as it's positive and fun!

Keep reading together!

The Nal'ibali Team

Beste Nal'ibali

My dogter is 3 jaar oud en sedert ek julle bylae begin lees het, lees ek elke aand voor slaaptid vir haar. Sy het ook storietyd in die oggend en aand by die Educare-sentrum waarheen sy gaan. Maar ek vind dat wanneer ons voor slaaptid boeke deel, is ons albei 'n bietjie geïrriteerd na 'n besige dag! Ek weet die meeste mense stel voor dat 'n mens voor slaaptid vir kinders moet lees. Wat kan ek doen om hierdie tyd meer ontspanne vir albei van ons te maak?

Zinhle Mbuli, Benoni

Beste Zinhle

Jy is heeltemal reg as jy sê dat wanneer julle saam lees, die belangrikste ding is dat hierdie tye ontspannend en genotvol vir albei van julle moet wees! Probeer 'n paar verskillende tye gedurende die dag om te kyk wat die beste vir julle werk. Onthou, julle kan stories deel wanneer dit ook al reg voel, ongeag die tyd. Soms sal 'n speletjie of 'n liedjie waarvan jou dogtertjie hou, ook help om haar in die regte bui te kry. 'n Goeie verskeidenheid boeke is ook nuttig, sodat sy kan kies wat jy moet lees. Laat jou lei deur hoe julle albei voel. Selfs vyf minute per dag is goed, solank dit positief en prettig is!

Hou aan om saam te lees!


Die Nal'ibali-span



Drive your
imagination



Everyone's special



By Kai Tuomi ★ Illustrations by Natalie and Tamsin Hinrichsen

Mandla was out walking one day when he saw Elephant splashing himself in the river. Elephant looked very happy. His big ears flapped and he sprayed water high into the air using his long trunk.



"Hello," said Mandla, waving to Elephant.

Elephant looked down at Mandla and lifted his trunk.

"Hello, Mandla," he said, in his big voice.

"That trunk of yours is amazing," said Mandla.

"Oh, this?" Elephant looked at his trunk. "I suppose it is, isn't it?"

"It must be nice to spray yourself on a hot day," said Mandla.

"Oh, that's not all I can do," said Elephant. "I can also use my trunk to pick fruit from the trees and pull down branches. I can even use it to make a big noise if I want to. We call that trumpeting! Here let me show you."

Elephant stretched out his trunk. *Brrrrpprump!* The most marvellous, loud noise came out. It thundered through the forest and some birds flew away from a nearby tree. Mandla danced on the spot and laughed.

"That's amazing," he said. "I wish I had a trunk like you."

Mandla left Elephant playing in the river and went on through the forest. He held his arm up in front of his nose, bent his arm and curled his hand so that it looked as if he had an elephant's trunk. Then he tried to pick a bunch of berries from a bush. But he was not looking where he was going and ... *THUMP!* He bumped into something.

"Ow," he said, falling over.

The thing he had bumped into was brown and orange. It seemed to reach from the sandy ground all the way up through the trees.

"What's happening down there?" said a voice from high above.

"Giraffe!" said Mandla looking up.

"What?" asked Giraffe.

"It's me. Mandla!"

"Who?" asked Giraffe.

A great big head on the end of the long neck came down through the trees.

"Oh, hello, Mandla," said Giraffe.

"Hello, Giraffe, I am sorry I bumped into you. I was pretending to have a trunk like Elephant and I wasn't looking where I was going."

"A trunk like Elephant?" asked Giraffe.

"Elephant's trunk is marvellous," said Mandla. "He can spray himself with water and pick fruit from the trees and make a great big noise."

"Well," said Giraffe, "that's quite clever I suppose, but I can do much more with this long neck of mine."

"Like what?" asked Mandla.

"I can reach the very tops of the trees, where the leaves are the juiciest. I can also see all around and look out for danger. My tongue is very special too," said Giraffe. "It is very long." Giraffe stuck out his long purple tongue. "And it's very thick too, which means I can eat from trees even if they have thorns. Trees with thorns have the best leaves, you know," said Giraffe.

"That's great," said Mandla. "I wish I was tall like you, Giraffe, then I could see over the trees and eat those leaves you keep talking about."

"Don't be silly," said Giraffe. "Boys don't eat leaves. Which reminds me, it's time for my second lunch. See you later, Mandla."

So Mandla went on through the forest, holding both arms above his head like a long giraffe neck and picking at the leaves on the trees.

"What are you doing?" asked a very quiet voice.

Mandla jumped back in fright.

"I didn't mean to scare you," said the quiet voice. A small, grey buck with a white ring on her bottom, crept from the forest.

"Waterbuck!" said Mandla. "You must be the quietest of all the animals."



Waterbuck blushed. "You are kind, Mandla. Being quiet helps keep me safe. I don't like all those noisy animals."

"It's a very good trick, being so quiet," said Mandla. "I wish I could creep around like you do, Waterbuck."

"You should try it sometime! It takes lots of practice to get as good as me though. See you around, Mandla," said Waterbuck, slipping back into the forest.

So Mandla went slowly through the forest, walking on his tiptoes like Waterbuck. It wasn't long before he tripped over a small branch and fell into a pile of leaves. There was a quiet laugh from the forest and Mandla saw a flash of grey as Waterbuck moved away into the bushes. Mandla picked himself up and ran through the forest back to his house in the clearing. His mother was outside hanging up the washing.

"Mama?" he said quietly.

"What's wrong, Mandla?" asked his mother. "Why do you look so unhappy?"

"Mama, how come I don't have a trunk like Elephant? Why don't I have a long neck like Giraffe? And why can't I creep around like Waterbuck? They are so special and I don't feel very special at all."

His mother bent down and kissed him on the forehead.

"Mandla, if you had a trunk like Elephant, I would not be able to kiss you goodnight. And if you had Giraffe's long neck, I could not pick you up in my arms and swing you about. And just think, if you were as quiet as Waterbuck, I could not find you to give you a hug."

Mandla's mother pulled him close. "Everyone has something special. I love you just the way you are. And to me, you are more special than all the animals in the forest," she said.



Almal is spesiaal

Deur Kai Tuomi ★ Illustrasies deur Natalie en Tamsin Hinrichsen

Storiehoekie

Op 'n dag stap Mandla buite rond toe hy sien hoe Olifant homself in die rivier natspat. Olifant lyk baie gelukkig. Sy groot ore flap en met sy slurp spuit hy water hoog in die lug in.



“Hallo,” sê Mandla, en wuif vir Olifant.
Olifant kyk af na Mandla en lig sy slurp op.
“Hallo, Mandla,” sê hy met sy diep stem.
“Daardie slurp van jou is verstommend,” sê Mandla.
“O, dit?” Olifant kyk na sy slurp. “Ek skat dit is, né?”
“Dit moet lekker wees om jouself op 'n warm dag te kan natspuit,” sê Mandla.
“O, dis nie al wat ek kan doen nie,” sê Olifant. “Ek kan ook my slurp gebruik om vrugte van die bome te pluk en takke af te trek. Ek kan dit selfs gebruik om 'n harde geluid te maak as ek wil. Ons noem dit trompetter! Kom ek wys jou.”
Olifant strek sy slurp uit. *Brrrrpprump!* Dit maak die wonderlikste, hardste geluid. Dit donder deur die bos en 'n paar voëls vlieg uit 'n boom daar naby. Mandla dans op die plek en lag.
“Dis wonderlik,” sê hy. “Ek wens ek het 'n slurp gehad soos jy.”
Mandla los Olifant om in die rivier te speel en stap verder deur die bos. Hy hou sy arm voor sy neus, buig dit en krul sy hand sodat dit lyk of hy 'n slurp soos 'n olifant het. Toe probeer hy 'n tak met bessies van 'n bossie afpluk. Maar hy kyk nie waar hy loop nie en ... *KADOEF!* loop hy in iets vas.
“Eina,” sê hy, en val om.
Die ding waarteen hy vasgeloop het, is bruin en oranje. Dit lyk asof dit van die sanderige grond al die pad tot bo die bome strek.
“Wat gaan daar onder aan?” vra 'n stem van bo af.
“Kameelperd!” sê Mandla, en kyk op.
“Wat?” vra Kameelperd.
“Dis ek. Mandla!”
“Wie?” vra Kameelperd.
'n Groot kop aan die punt van die lang nek kyk af deur die bome.
“O, hallo, Mandla,” sê Kameelperd.
“Hallo, Kameelperd, ek is jammer dat ek in jou vasgeloop het. Ek het gemaak of ek 'n slurp het, soos Olifant, en ek het nie gekyk waar ek loop nie.”
“'n Slurp soos Olifant s'n?” vra Kameelperd.
“Olifant se slurp is fantasties,” sê Mandla. “Hy kan homself met water natspuit en vrugte uit die bome pluk en 'n groot geraas maak.”
“Wel,” sê Kameelperd, “ek veronderstel dis nogal oulik, maar ek kan baie meer met hierdie lang nek van my doen.”
“Soos wat?” vra Mandla.

“Ek kan die boomtoppe bykom, waar die blare die sappigste is. Ek kan ook ver en wyd sien en uitkyk vir gevaar. My tong is ook baie spesiaal,” sê Kameelperd. “Dit is baie lank.” Kameelperd steek sy lang pers tong uit. “En dit is ook baie dik, wat beteken ek kan van bome eet, al het hulle dorings. Weet jy, bome met dorings het die beste blare,” sê Kameelperd.

“Dis fantasties,” sê Mandla. “Ek wens ek was lank soos jy, Kameelperd, dan sou ek oor al die bome kon sien en daardie blare waarvan jy praat, kon eet.”

“Moenie laf wees nie,” sê Kameelperd. “Seuns eet nie blare nie. O, en dit herinner my dat dit tyd is vir my tweede middagete. Sien jou later, Mandla.”

Mandla stap toe verder deur die bos en hou albei sy arms bo sy kop soos 'n lang kameelperdnek, en pluk blare van die bome af.

“Wat doen jy?” vra 'n baie sagte stem.

Mandla wip soos hy skrik.

“Ek het nie bedoel om jou skrik te maak nie,” sê die sagte stem. 'n Klein, grys bakkie met 'n wit kring om haar stert, kruip uit die bos.

“Waterbok!” sê Mandla. “Jy moet die stilste van al die diere wees.”



Waterbok bloos. “Jy is gaaf, Mandla. Om stil te wees, hou my veilig. Ek hou nie van daardie raserige diere nie.”

“Dis baie goed om so stil te kan wees,” sê Mandla. “Ek wens ek kon ook soos jy rondsluip, Waterbok.”

“Jy moet dit soms probeer! Maar dit verg baie oefening om so goed soos ek te wees. Sien jou weer, Mandla,” sê Waterbok, en sluip terug in die bos in.

Mandla stap toe stadig deur die bos, en loop saggies op sy tone, soos Waterbok. Dis nie lank nie, of hy val oor 'n klein takkie en binne-in 'n hoop blare. Hy hoor 'n sagte lag uit die bos en Mandla sien 'n grys flits toe Waterbok in die bosse verdwyn. Mandla staan op en hardloop deur die bos terug na sy huis in die oopte. Sy mamma is buite besig om wasgoed op te hang.

“Mamma?” sê hy saggies.

“Wat's fout, Mandla?” vra sy mamma. “Hoekom lyk jy so ongelukkig?”

“Mamma, hoekom het ek nie 'n slurp soos Olifant nie? Hoekom het ek nie 'n lang nek soos Kameelperd nie? En hoekom kan ek nie rondsluip soos Waterbok nie? Hulle is so spesiaal, en ek voel glad nie spesiaal nie.”

Sy mamma buk af en soen hom op sy voorkop.

“Mandla, as jy 'n slurp soos Olifant gehad het, sou ek jou nie goeienag kon soen nie. En as jy Kameelperd se lang nek gehad het, sou ek jou nie in my arms kon optel en rondswaai nie. En dink net, as jy so stil soos Waterbok was, sou ek jou nooit kon opspoor om jou 'n drukkie te gee nie.”

Mandla se mamma trek hom nader. “Almal het iets spesiaal. Ek is lief vir jou nes jy is. En vir my is jy meer spesiaal as al die diere in die bos,” sê sy.

Nal'ibali fun
Nal'ibali-pret



1.

In the story, *Mu's wolf problem*, Mu and the wolf become friends and spend the afternoon together. What do you think they are doing in this picture? Add other things to the picture to show what you think they are doing. Also add some speech bubbles. Then write a few sentences about your picture.

In die storie, *Mieke se wolfprobleem*, raak Mieke en die wolf maats en bring die middag saam deur. Wat dink jy doen hulle in hierdie prent? Voeg ander dinge by die prent om te wys wat jy dink hulle doen. Voeg ook praatborrels by. Skryf dan 'n paar sinne oor jou prent.



2.

Do you know the colours of the rainbow? Unscramble the words below to find out what they are.
Ken jy die kleure van die reënboog? Herrangskik die letters in die woorde hieronder om uit te vind wat die kleure is.

English

dre _____
eaognr _____
lelywo _____
nereg _____
leub _____
iidogn _____
tloevi _____

Afrikaans

oroï _____
j erano _____
lege _____
greno _____
lubo _____
diniog _____
vitole _____



Answers: (2) red, orange, yellow, green, blue, indigo, violet

Antwoorde: (2) rooi, oranje, geel, groen, blou, indigo, violet

Would you like to receive stories and literacy tips on your cellphone? Join Nal'ibali on WeChat. Visit www.nalibali.org to find out how to download WeChat.



Visit us on Facebook:
www.facebook.com/nalibaliSA
Vind ons op Facebook:
www.facebook.com/nalibaliSA

Wil jy graag stories en wenke oor geletterdheid op jou selfoon ontvang? Sluit op WeChat by Nal'ibali aan. Gaan na www.nalibali.org om uit te vind hoe om WeChat af te laai.

Produced for Nal'ibali by the Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA) and Times Media Education. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

Daily Dispatch

The Herald

Sunday Times

SundayWorld



Drive your
imagination